Hondsdolheid (Rabies)

Hondsdolheid word veroorsaak deur ‘n virus wat deur ge-infekteerde diere na mense oorgedra word. Die siekte tas die senuweestelsel aan en daar is geen behandeling daarvoor nie, behalwe immunisering van diere en mense.

Simptome kan 4 tot 12 weke na blootstelling ervaar word, maar kan wissel van ‘n paar dae tot ses jaar. Simptome sluit in pyn, moegheid, koors en hoofpyn wat later kan oorgaan tot hallusinasies, konvulsies en selfs verlamming. Dit is in meeste gevalle fataal.

Immuniserings van huisdiere deur ‘n veearts is baie belangrik. Mense wat gereeld in kontak is met verkeie diere behoort ook geimmuniseer te word. Dit behels ‘n kursus van 3 inspuitings oor 28dae (dag 0, dag 7 en dag 28) met ‘n versterker elke 2 tot 3 jaar. ‘n Persoon wat in kontak was met ‘n dier wat moontlik hondsdolheid het moet ‘n voorkomende kursus van 5 inspuitings kry oor ‘n tydperk van 30dae (dag 0, 3, 7, 14 en 30). Die reeks moet begin word so gou as moontlik na blootstelling.

Elkeen wat troeteldiere, veral honde en katte het, kan moontlik blootgestel word aan hondsdolheid. Maak dus seker u diere in geimuniseer en kry hulp so vinnig moontlik na ‘n moontlkie blootstelling.